



## Hoe om garing in die naald te kry.

### Inleiding

Omdat meeste van ons naaldwerk en kwiltwerk in ons 'spaar tyd' doen is dit belangrik om daardie tyd so goed as moontlik te gebruik. Om garing in die naald te kry kan neem nogal oefening om reg te kry. Veral aan die begin kan dit nogal moeilik wees, selfs frustrerend, so dit sal help as jy die instruksies hieronder baie mooi volg, dan bederf ons nie die pret van die projek nie nè? Dus, om 'n bietjie tyd te spandeer om hierdie kuns te bemeester gaan jou baie tyd in die toekoms spaar.

### Hoe gaan jy dit doen?

Ek gaan jou wys hoe om garing in 'n naald te sit, van groot tot klein, met verskillende tipes 'draad', onder andere met lint, wol en naaldwerk-garing. Dan gaan jy 'n paar soorte steke deur gaas of ander materiaal om 'n oulike drupmatjie vir 'n koffiebeker te maak.



### Wat het jy nodig?

#### 'n Plek om te werk.

Vir vandag se projek het jy 'n plek nodig waar jy ongestoord kan werk vir ten minste 'n uur.

- Tafel.
- 'n Stoel wat hoog genoeg is om gemaklik op te sit by die tafel.
- Goeie beligting om mooi te kan sien.
- 'n Snippermandjie vir afvalstukkies.



Quilt Club 4 Youngsters #saqqc4y

© Kopiereg SAQG 2021. Mag gratis afgelaai en versprei word vir onderrig. Mag nie versprei word sonder die SAQG inligting nie.  
[www.quiltsouthafrica.co.za](http://www.quiltsouthafrica.co.za)



## Gereedskap

Jy gaan die volgende gereedskap nodig hê

- Jou naaldwerk skatkissie wat jy die vorige keer gemaak het, met al die toerusting daarin
- Naalde in verskillende groottes

## Materiaal

Jy gaan die volgende items nodig hê:


- 'n Stukkie gaas, 10cm x 10cm. AS dit moeilik is om gaas te kry kan jy ook 'n stukkie 'anti-skid mat' of enige ander materiaal met gaatjies soos 'n uiesakkie of 'n pampoensakkie.
- 'n Klein stukkie vilt, 5 x 5 cm
- Lank genoeg stukkie wol, dun lint, garing, borduurgaring en hekelgaring.

## Vandag se pret

'n Naald is eintlik net 'n stukkie blink metaal (meeste van die tyd), met 'n 'oog' aan die een kant en 'n punt aan die ander kant. Party naalde is dik met 'n goort oog en 'n stomp punt terwyl ander dunner is met 'n kleiner ogie en 'n skerp punt.

Kom ons kry garing pasmaats vir die verskillende naalde.

Dis die beste om 'n dik 'garing' by 'n dik naald te pas, net soos dun garing die beste by 'n dun naald pas. Pas jou naalde by jou soorte 'garing', soos in die prentjie hier onder. Party 'garings' kan selfs by meer as een soort naald pas. Sien jy hoe maklik gaan die lint deur die dik plastieknaald? Wol gaan ook maklik deur 'n Chenille of borduurnaald, en gewone naaldwerk-garing gaan die beste by 'n dun naald.



## Woordeboek

*Tyd om nuwe woorde te leer. Jy gaan **borduur** steke gebruik – borduur is die kuns om met spesiale garing en naald verskillende soorte materiaal te versier met ontwerpe. Jy gaan steke **diagonaal** of **parallel** laat lê – diagonale steke is steke wat strek van die een onderste hoek na die oorstaande boonste hoek van 'n blok. Parallele steke is steke wat ewe ver van mekaar in dieselfde rigting lê*



Quilt Club 4 Youngsters #saqqc4y

© Kopiereg SAQG 2021. Mag gratis afgelaai en versprei word vir onderrig. Mag nie versprei word sonder die SAQG inligting nie.  
www.quiltsouthafrica.co.za



Established in 1989

## Kom ons leer nou hoe om die garing deur die naald se oog te kry.

As jy na 'n sukkie garing kyk, of wol, is dit gewoonlik mooi geweef maar dan is daar 'n paar rafels (amper soos 'n mop) op die punte. Dit gebeur met meeste tipes garing. So voordat ons die garing in die naald probeer kry moet ons dit eers netjies maak op die punt.

Het jy al iemand gesien wat die garing op die punt natlek? Eew! Dit is nie net ongesond nie maar omdat mens se spoeg watergebaseer is laat dit die garing se vesels swel, nog meer uitrafel. 'n Slim plan is om jou voorvinger en duim oor jou neus se brug te vryf – let wel nie IN jou neus nie – om bietjie van jou gesigolies op jou vingers te kry. Gebruik dit op die einde van die garing om 'n mooi skerp punt te maak wat makliker deur die naald se oog sal gaan.

Daar is ook 'n ander manier, wat ek persoonlik meer van hou.

Ek vou die garing dubbel oor die naald, en terwyl ek die garing dubbel hou, sit ek die oog van die naald bo-oor die dubbel gevoude garing. Die garing is in jou linkerhand en die naald in jou regterhand as dit jou dominante hand is. Maak seker die garing of lint is regoor die naald se oog, en druk dit dan deur die oog.



Begin eerste met die wol of lint en sien hoe dit gaan. Oefen tot jy hierdie regtig goed kan doen, dit is 'n baie goeie tegniek om te hê.

Dis ook goed om jou hande op die tafel te laat rus terwyl jy hierdie doen, om hulle te stabiliseer. Dis nie maklik om die naald se oog te kry as mens se hande in die lug rondwaai nie! 😊

Sodra al jou naalde garing in het, probeer om deur jou 5 x 5 cm stukkie vilt te werk met elke naald. Watter naald werk die maklikste? Watter tipe garing wys die beste op die vilt? Kan jy die naald met garing deur die vilt trek sodat dit uit die naald gaan? As jy jou duim en middelvinger se punte op die oog van die naald hou terwyl jy trek sal die garing in die naald bly. Wel gedaan! Prober tot jy dit regkry sonder moeite.

As jy met dunner naalde werk wil jy dalk die garing knoop sodat dit nie maklik uit die naald sal gaan nie.



Quilt Club 4 Youngsters #saqqc4y

© Kopiereg SAQG 2021. Mag gratis afgelaai en versprei word vir onderrig. Mag nie versprei word sonder die SAQG inligting nie.  
www.quiltsouthafrica.co.za






Wees veilig. Naalde is skerp. Naalde wat op die vloer val of aan 'n mat vashaak kan jou of jou diere of een van jou familieleden seermaak. As 'n naald in jou voet afbreek kan jy selfs in die hospitaal beland. Moet ook nooit 'n naald in jou mond sit nie, sodat jy dit nie per ongeluk insluk nie. Wees versigtig, wees slim. Bêre altyd jou naalde in jou naaldeboekie of jou speldekussing.

### Hoe om die garing veilig in die naald te hou

Vou die garing oor die naald en trek nou die naald uit terwyl jy die garing styf vashou tussen jou linkerhand (of nie dominante hand) se vingers. Dit vorm 'n klein lussie. Druk hierdie lussie nou deur die naald se oog totdat dit so 3-4 cm aan die ander kant uitsteek. As hierdie te moeilik is (jy gaan wel bietjie moet oefen), maak 'n kleiner, platter lus of gebruik 'n naald met 'n groter of langer oog.



Druk nou die punt van die naald deur die groot lus en trek die naald heeltewel deur.





Trek die lussie styf sodat die knopie naby die ogie van die naald vorm. Maar moenie bekommer nie, dit is so klein dat dit nie aan die material sal vashaak as jy die naald daardeur druk nie.



Jy het nou 'n naald met garing in wat nie gaan uitkom nie, sodat jy nou ten volle kan konsentreer om pragtige steke te maak. Oefen hierdie tegniek 'n paar keer totdat jy seker is hoe om dit te doen. Baie mooi!

### Die gaas projek

Vir hierdie projek gan jy die sukkie gaas of 'anti slip' mat, of die uie/ lemoensakkie, 'n tappiserienaald en afval stukkies wol gebruik.

- Sit 'n stukkie wol in jou naald. Onthou om die lengte jou garing (of wol in hierdie geval) te meet van jou vingerpunte na jou elmboog toe.
- Ons gaan eerste reguit steke maak. Vir die eerste steek bring die naald van die agterkant van die gaas deur na die voorkant deur die gaatjie, los twee gaatjies oop en druk dan die naald deur na agter in dieselfde rytjie. Begin steke in die ry te maak maak maar onthou om 'n ekstra gaatjie aan die onder en sykant oop te los.



- Moenie die wol te styf of heeltemal deurtrek nie, maak seker jy los 'n stertjie.
- Maak sulke reguit steke vir die hele ry. Mooi so!
- Steek 'n nuwe stukkie wol in jou naald. Jy gaan nou 'n rytjie met 'V's maak.





- Steek weer die naald van agter af deur na voor, los twee gaatjies diagonaal oop, en druk dan die naald deur na agter. Los nou 2 gaatjies verder oop na links en na onder en druk dan die naald weer deur na voor. Voltooi die ry.
- Wanneer jy aan die einde van die ry kom druk die naald van agter af deur na die eerste plekkie links en voltooi die V's deur dieselfde in te ander rigting te doen.



- Vir die derde ry gaan jy kruisies maak.
- Ryg 'n nuwe stukkie wol in jou naald.
- Begin weer van agter af en maak 'n diagonale steek na bo, 2 gaatjies verder. In plaas van skuins (soos toe jy die V gemaak het), neem die naald nou reguit na onder en bring die naald uit na voor in lyn met die vorige steek. Maak nou nog sulke paralelle skuins steke tot die einde van die ry. Aan die agterkant lê die steke reguit parallel. Wanneer jy aan die einde van die ry kom, werk weer terug in dieselfde gaatjies na die ander kant toe om die kruisies te voltooi.



- Mooi gedoen!

### Opruimtyd

Mooi so om jou projek klaar te maak! Onthou om al jou naalde vas te steek aan 'n stukkie vilt of dit in jou speldekussing te bêre, asook om al die gereedskap wat jy gebruik het weer in jou naaldwerkkissie (jou skatkissie) te bêre. Maak seker jy tel alle los stukkies wol op en gooi dit in die snippermandjie. Los jou werkspasie net so netjies soos jy dit gevind het. Slim kind!

### Wys en Vertel

O jinne! Hierdie gaan 'n baie oulike geskenk maak vir jou pa vir Vadersdag dalk? Hy kan sy koffiebeker by die werk daarop neersit! Pos asseblief foto's van jou projek op ons WhatsApp groep.



### Wat is volgende?

Hoe om met 'n kwiltersknoop te begin en met 'n Franse knoop te eindig.

### Het jy dalk iets misgeloop?

Gaan loer gereeld op ons WhatsApp groep vir nog opwindende goed.

- Wat het ek nodig om te kwilt

